

3 April

**Skrifgedeelte: Jeremia 49
Fokusgedeelte: Jeremia 49:7-17**

Selfverheffing skeld jou nie vry nie

Die Edomiete, as nageslag van Esau, het hulself in bergagtige en rotsagtige plekke verskans en was militêr feitlik onaantasbaar. Selfs Israel kan nie met hulle oorlog maak nie (Deut 2:4). Hulle goeie verskansing en goeie soldate het hulle hoogmoedig gemaak teenoor ander volkere. Wie sou hulle aandurf? Terwyl Israel, Juda en ander volkere in ballingskap gaan en hul stede verwoes word, het Edom se verkenners soos arende vanuit hulle hoë bergvestings op die verwoesting neergekyk. Hulle het egter afgode gedien en was nie vrygespreek van die toorn van God nie. Moes die volk van die Here, naamlik Israel en Juda, nie eerder vrygespreek gewees het nie? Waarom sou die Here dan vir Edom laat vrygaan as hulle die afgode bly dien en God bly vertoorn? As God se uitverkore volk die beker van God se toorn moes drink, hoeveel te meer nie hulle nie? Rykdom, bevoorregting bo ander en om verhewe te lewe, maak die mens onaantasbaar in sy eie oë. Hy spreek homself vry van die straf op die sonde. Maar God word nie deur sulke selfvoldaanheid en selfverheffing beïndruk nie. God sal hulle wat in hul eie oë verhewe en onaantasbaar lewe nie verskoon nie. Mense mag vanaf hul selfgeboude trone en vanuit hulle hoë posisies op ander neersien, maar in God se oë bly hulle sondaars. Hy sal hulle van hul hoogmoed beroof en hulle die spot van mense maak.

Sing: Psalm 139:3

Ds DL de Beer (Emeritus)